Pretoria – 22 Mei 2011 (Voorbereiding)

Skriflesing: Filippense 1:19-30
Teks: **Filippense 1:19; 21-25**
Sing- Ps. 33:5; 7;Ps. 118:3 Ps. 23:2; Ps. 32:5

Broeder en suster, wat is die dinge wat u in u lewe raaksien, wat u vanoggend sal kan sê dit is die dinge wat my staande hou? Om staande te bly het mens ook nodig dié dinge wat jou moet ondersteun. Sonder die ware en die regte ondersteuning kan geen mens staande bly nie, wat nog te sê om vorentoe te gaan. Dit het ons verlede week al moes sien, Paulus het met baie mense in sy lewe baie onaangename ervaringe gehad. Hoe naby het hy aan mense moes lewe wat 'n bedreiging vir sy lewe was. Mense wat dit hulle lewe en werk gemaak het om hom te agtervolg en hom voor die gereg te sleep en wat eintlik bereid was dat as daar 'n moordaanslag op hom kan wees dan sou hulle tevrede wees. U moet onthou hoe ons verlede keer al keer op keer moes agterkom dat Paulus hom van die blydskap in die geloof nie sal laat berowe nie.

Dit wat van buite gebeur, daar was ons al verlede week, hoe mense vir Paulus terwyl hy in die tronk was, met afguns en twis en naywer die lewe net nog swaarder gemaak het. Soos wat Paulus dit beleef het dat hulle aan sy boeie verdrukking toegevoeg het. Tog het hy dit onomwonde kon stel dat as dit alles maar net tot bevordering van die evangelie kan strek dan is hy selfs bly oor dit wat ander mense as baie sleg sou afmaak. Al dra sy eie lewe baie onsekerhede met hom mee, moet ons daaroor nie onseker wees nie, dat die Woord van God sal op geen wyse en op geen stadium gestuit kan word nie. Die opmars van die evangelie sal nooit in enige doodloopstraat kan beland nie. Vir God se Woord is daar geen cul-de-sac nie! Vandag knoop Paulus nou meer die binnekant oop- God staan onder geen omstandighede gevoelloos teen persoonlike ervarings en stryd nie. Daarin hou Hy ons ook staande...

***

Ons word dan nou nog nader aan die persoon van Paulus gebring. Paulus se hele mens-wees is een groot verwagting dat so min soos die Woord in 'n doodloopstraat kan beland so moet ons ook weet, al moet hy wat Paulus is dan ook sterwe dan sal die krag van die evangelie onverswak gehandhaaf kan word. Die ware kind van God moet besef daar is geen cul-de-sac in my lewe nie! Daarom sal ons vanoggend die dinge wat Paulus by gaan stilstaan vanuit die Here se Woord sien as die dinge wat ons staande moet hou. Eerstens kyk ons dan na *wat* Paulus beskryf as dit wat hom staande hou. In die tweede plek *hoe* kan dit hom staande hou? En dan in die laaste plek *tot waar* strek hierdie instandhouding?

Wat is die dinge wat Paulus staande hou?

Die onsekerhede in die lewe, die bedreiginge in die lewe, die verwarring in die lewe, wanneer mens oor dit alles begin wonder, dan is die gevaar altyd groot dat mens juis oor jou ankers ook begin wonder. Daardie dinge waaraan die Here ons reeds vasgemaak het wat dan ook onder verdenking kom. Daarom as ons vanoggend besef die dinge wat Paulus staande kon hou dan noem Paulus eintlik net twéé dinge wat vir hom dit alles omvat. Die gebed en die ondersteuning van die Gees. Hoe waardevol en belangrik sien Paulus dit dat sonder die werk van die Heilige Gees en die gebede van die gemeente staan hy hulpeloos. Ja, geliefdes hy noem dit op dieselfde vlak en in een asem dat daar vir hom geen toekoms sal kan wees as hierdie twee dinge nie plaasvind nie. Ons sou dalk wou redeneer die werk van die Heilige Gees is mos eintlik belangriker as die gebede van hulle wat vir hom bid, maar dit is nie hoe ons in die Here hierna kyk nie.

Die gebede staan op geen manier los van die werk van die Heilige Gees nie. Die Gees werk middellik- die middel is die gebed- en só werk die Gees ook onmiddellik. Toe ons met hierdie brief begin het, toe was dit wat ons eerste aangegryp het hoe Paulus vir hierdie gemeente gebid het. Hy bid vir hulle harte, vir hulle verstand, vir hulle karakter, vir hulle lewe, maar die omgekeerde is net so belangrik. So belangrik soos dit was dat hy vir hulle moes bid net so belangrik is dit ook nou dat hulle vir hom moet bid. *Deur julle gebed en die ondersteuning van die Heilige Gees* is dit God wat op die gebed van die gemeente aan Paulus die ondersteuning van sy Heilige Gees gee.

Wanneer Paulus praat van hierdie ondersteuning wat hy nodig het, dan is die woord vir ondersteuning afgelei van die stam - χορηγέω wat dui op iets wat werklik beskikbaar is. Hy sê eintlik vir hulle wat vir hom bid dat julle ondersteuning is so waardevol omdat daar reeds daarin voorsien is. Die Heilige Gees is reeds hier, al wat julle moet doen, is om die Here te vra dat God deur sy Gees my moet ondersteun. Ons kan dan eintlik dit ook korter stel dat God het reeds in sy ondersteuning aan ons deur sy Heilige Gees voorsien. En moenie dink dat julle gebede, is eintlik 'n te geringe bydrae in wat God deur sy Gees kan doen nie. Jou gebed staan met Hom wat die Heilige Gees is verenig. Die gebede moet met die werk van die Heilige Gees een ondersteuende geheel kan vorm.

***

Ons moet dan ook besef in wat Paulus hier staande hou dit nie die gemeente kan wees wat dit doen nie. Die inisiatief en die krag lê nie in die gemeente nie, dit is alleen Christus deur die krag van sy Heilige Gees wat 'n mens staande kan hou, maar wanneer die Heilige Gees werk dan besef ons dat Christus het sy Heilige Gees gestuur in die gemeente wat daarvoor gevra het. Selfs toe die Heilige Gees uitgestort was, dan val dit ons op dat die wonder van Pinkster en die wonder van die uitstorting van die Heilige Gees staan omring deur die gebede van die Here se kerk. Om ondersteun te word, het Paulus die Heilige Gees nodig en om staande te bly het hy juis daardie gemeente nodig wat met hulle gebede in die Heilige Gees ook al nader aan hom sal staan.

In Sondag 45 van die Kategismus het ons hierdie treffende aansluiting dat die Heilige Gees werk die gebed maar dat God ook **sy Heilige Gees alleen aan diegene wil gee wat Hom met hartlike sugte sonder ophou daarom bid...** As jy nie bid vir die Gees nie, moet dit dan ook nie verwag dat Hy na jou sal kom nie. Broeder en suster as ons dan nou kon sien wat die dinge is wat Paulus staande hou- die gebed en die ondersteuning van die Gees – dan is ons volgende gedagte- hoe gebeur dit-

<u>Hoe is Paulus hierdeur staande gehou?!</u>

Dit is waarlik ’n hoë ideaal wat Paulus aan die gemeente stel deur vir hulle te vra dat hulle vir hom moet bid. So hoog en heerlik, heilig en verhewe is God se werk, maar die gemeente se werk om te bid wil God juis nie aan sy heerlike werk ondergeskik stel nie. Die ondersteuning van die Heilige Gees kan alleen God doen, maar dan besef ons hoe werk God net nie?!

Selfs al sou Paulus moes sterwe dan is sy dood geen vernedering in wat daar vir God gedoen is nie. Dit is hoe God sy kinders staande hou, dat in lewe en in sterwe gaan dit om Hom ons Here Jesus Christus. Dit wil al meer klink asof Paulus eintlik in 'n tweestryd beland, dat selfs die dood vir hom geen vernedering sou wees nie, want selfs dan sal nog steeds die grootheid van Christus hom omring. Paulus stel dit alles voor soos wanneer 'n mens jou lewe as 'n klein skippie in die groot oseane van die lewe kan sien. As hy sê ek word van *weerskante gedring- ek het verlange om heen te gaan en met Christus te wees, want dit is verreweg die beste; maar om in die vlees te bly, is nodiger om julle ontwil*. As 'n skip deur groot golwe moet gaan, die see kan onstuimig wees dat dit werklik die skip aan weerskante baie hard slaan. Daardie onstuimigheid kan groot wees in 'n mens se lewe. Hier hoef ons nie net te dink aan hoe golwe 'n skip van weerskante dring nie, maar vir die woord dring- in die Grieks die

woord- Συνέχομαι- het dit ook te doen met daardie drukte wanneer 'n hele weermag om 'n stad begin saamtrek. Trouens dieselfde woord staan in Lukas 19:43 ook as ons daar lees- *Want daar sal dae oor jou kom dat jou vyande 'n skans rondom jou sal opwerp en jou omsingel en jou van alle kante insluit.*

***

Ons besef dat Paulus met sy eie toekomsverwagting geen onsekerheid insluit nie. Hoe God 'n mens staande hou is deur jou sekerheid te gee in wat ten alle tye met ons sal gebeur. Al verstaan ek nie op die oomblik wat met my gebeur nie, is dit nie 'n geval van ek moet onseker wees oor wat nog met my sal gebeur nie. Op die oomblik soos wat Paulus hier skrywe voel hy hom wel in die noutes, hy verkeer in 'n tweestryd, maar moet nie die fout maak dat hy wel onseker is oor wat ook al die uitslag sal wees nie. Aan beide die uitkomste is dit net wins, want die Woord van God werk nooit met die berekening van verliese nie. Op die balansstaat van God se koninkryk is daar in elk geval geen verlies-kolom nie, dit werk met winste aan alle kante, ook aan beide die kante van Paulus, sou hy nog moet bly lewe, of sou hy selfs ook moet sterwe! Hy wat kon sê- *vir my is die lewe Christus en die sterwe wins.*

Daarom dat hy die bly in die lewe, of soos hy in v.17 dit ook gestel het, dit waarvoor God hom *bestem het*- dan sien hy dit ook as volle wins- *Maar as ek in die vlees moet lewe, dan beteken dit vir my vrugbare arbeid...* Dit noem hy dan ook eerste dat hyself dan eintlik die voorkeur aan 'n nog langer lewe sou wou gee, nie dat die sterwe minder wins sou beteken nie, want watter voorreg om eintlik altyd in 'n wen-wen situasie te mag wees. 'n Voorreg wat alleen God se kinders beskore is! Die wins van om nog te lewe gaan egter nie om die lewe nie, maar om die VRUG VAN DIE WERK wat daar dan nog sal kan wees.

Die vrug van Paulus se lewe beteken eintlik vir hom die werk wat hy dan nog vir Christus sal kan doen. As God hom op die wyse staande mag hou dan sien hy homself eintlik as 'n vrugteboom in God se tuin. Al sou hy selfs langer in die gevangenis moet bly, dan bly hy nog vrugteboom. Hy wat eintlik seker bly is dat hy nie hoef te kies nie, want hy kan nie. Omdat hy nie die keuse kan maak nie, het hy wat dit betref ook niks om bekend te maak nie.

***

Net so sterk soos die verlange mag wees om nog vrugteboom vir God te mag wees, *is daar ook die verlange om heen te gaan en met Christus te wees, want dit is verreweg die beste.* Die woord in die Grieks vir heengaan (**ἀναλύω**) kom ook in die wêreld van skepe voor-

wanneer 'n skip van sy sware ankers losgemaak word, die anker word gelig dat die skip nou op die see kan uitvaar, of 'n dier wat na 'n dag van harde werk voor die wa uitgespan kan word of wanneer 'n soldaat die tentpenne uittrek want die kamp word opgeslaan, in alle gevalle staan dan hierdie woord of dan sy stamverwante. So sien Paulus die dood as geen einde nie, maar eintlik die begin. Die reis wat net verder onderneem moet word, maar nou is dit so belangrik dit wat Paulus hier in een noem- *om heen te gaan en met Christus te wees...*

***

Dit is belangrik dat ons hier eintlik reeds met Nagmaal verbind kan staan- *en met Christus te wees*. Ons voorbereiding vandag staan met Nagmaal verbind en ons weet Nagmaal is daardie verbondenheid wat ons deur die geloof met Christus kan hê. Die werklike samesyn met Christus is waarna ons moet verlang wanneer die Nagmaal gevier mag word, want Christus wil dat hierdie heel persoonlike gebeurtenis ook in jou lewe moet plaasvind. Toe die dissipels saam met die Here hier op aarde was, selfs in sy tyd van vernedering kon saamwees, kon saameet en drink- om so die gemeenskap met Christus te mag geniet is waaroor ons by die Nagmaal oor moet bly wees.

Die verlange van Paulus is die nog groter geskenk as Nagmaal. Om dan vir altyd by die Here te wees, daar is nie maar net meer 'n eenheid in hulle saamwees nie, maar alle afstand val weg, om met sy Here verenig te mag wees, daardie eenheid wat op aarde nog nie bereik kan word nie.

***

Nou weet ons hoe Paulus staande kon bly is dat God hom in alle geval staande hou. Hy word gedring wat dan insluit dat die gom is aan al twee kante gesmeer- soos die Engelse ook hierdie deel vertaal- he is kept together by the two... maar op wat werklik nog sy deel op aarde gaan wees, dit is tog asof Paulus reeds in sy tweestryd die antwoord weet- hy weet wat is nou nog die belangriker- *om in die vlees te bly is nodiger om julle ontwil...* die verreweg die beste, word van hom nie weggeneem nie, dit sal hy nog ontvang, maar daar kom tye dat die huidige voor die toekomstige moet kom staan- Sterf is beter maar lewe is noodsaakliker.

Broeder en suster, dit lui dan eintlik maar ons laaste vraag vandag in-

Tot waar dien hierdie instandhouding van Paulus se lewe?

Ons sou ook seker kon vra- waartoe laat God dit alles heenlei? Tot die besef van prioriteite en verantwoordelikhede! Dit is waartoe u wat lewe en in Christus mag lewe by uitgebring

moet word. Tot prioriteite en verantwoordelikhede... Daar is in v.25 die belangrike saak wat by Nagmaal nie verwaarloos mag word nie. Dat daar *bevordering en blydskap in die geloof* mag wees. Dit is asof die besef van Paulus dat hy nog nodig is, eintlik by hom sy vertroue versterk dat God wil nie sonder my die krisisse in sy kerk hanteer nie. God wil juis vir Paulus hierin intrek. So stel hy dit dan heel duidelik waartoe dien die instandhouding van sy lewe- *...dit vertrou en weet ek dat ek sal bly, ja saam met julle almal sal bly tot julle bevordering en blydskap in die geloof.... sodat julle roem oor my oorvloedig kan wees in Christus Jesus deur my teenwoordigheid weer by julle...*

Dit is asof Paulus nou weet nie net dat hy behoue sal bly en staande sal bly nie, maar dit is asof hy weet dit is net 'n kwessie van tyd dan sal hy weer uit die tronk mag uitkom. Dit gaan nie maar net om die langer lewe, dat hy nog by hulle sal bly nie, maar dit moet vir hulle almal ook tot nut wees. As hy nie meer tot nut sou kon wees nie, dan weet hy God sal hom beslis nie verniet nog langer hier op aarde hou as hy nie meer van nut kan wees nie. Dit is waartoe sy instandhouding dan nog strek dat hy nuttig wil en kan wees. In Christus beteken sy lewe dat daar vir ander groei kan wees. Geloofsgroei en geloofsvreugde is waartoe ons opgeroep word soos wat Paulus daarvoor met 'n nog langer lewe opgeroep was.

Ons wat vir die Nagmaal voorberei is u lewe werklik besig om hierdie waarde aan te neem, dit waarvoor God die lewe in sy waarde beskou?! As God vir jou sê- *alleenlik gedra julle... gedra julle waardig die evangelie van Christus...* dan besef 'n mens in die kerk van die Here word daar geëis dat jy jou moet kan gedra. In die besef van jou prioriteite en die stel van jou verantwoordelikhede is daar die bepaalde gedrag wat nie alewig pessimisties, swartgallig, foutvinderig en vitterig die groei en die vordering en die vooruitgang van ander se geloof mag bedreig nie. Geloof is nie iets wat dieselfde kan bly nie. As ek meen my geloof is maar nog op dieselfde standaard as wat dit drie maande terug was, dan is dit inderdaad 'n agteruitgang in die geloof wat plaasgevind. Geloof is iets wat nooit kan stilstaan nie, dit gaan of vorentoe of agtertoe! En agteruitgang gebeur dalk makliker as wat ons besef.

Saam met geloofsgroei- dié bevordering soos dit in Afrikaans vertaal is- dieselfde woord soos in v.12- saam met die bevordering in die geloof staan die blydskap in die geloof. Daar is 'n noue samehang tussen geloofsgroei en geloof blydskap. Om te glo is in werklikheid om bly te wees. Geloof is 'n geskenk wat na jou gebring is, jy het dit verniet gekry, uit die hande van

die Here, daarom moet jy daarmee vorentoe gaan. Dit is waartoe Paulus die instandhouding van sy lewe sien. Hy gaan nou vorentoe gaan, maar hy gaan in 'n vertrouende lewenshouding dit doen. Dit is waartoe hy wil gaan.

Tot waar strek jou geloof?! Die geloof waarmee u Nagmaal sal wil vier? Is u gereed dat die bevordering en die blydskap in jou geloof prioriteit moet wees. Is dit waarlik deel van u gesindheid, al kom u tussen wilde perde te staan. In v.28 staan dit waarby ons hopelik volgende Sondag ook nog mag kom- *dat julle jul in geen opsig laat afskrik ...nie.* Interessant die woord *afskrik* staan in verband met hoe 'n trop perde op loop kan gaan as hulle vir iets geskrik het. Ons moet ons nie laat afskrik nie- inteendeel ons moet besef die Here verwag van ons wanneer ons na sy tafel gaan kom, daardie vertroue, daardie oortuiging, daardie sekerheid, dat jou geloof vir jou bevorder is en dat daar werklik ook vreugde in u geloof sal wees- selfs al hardloop mense soos perde om ons af te skrik- Die Here het vir Jeremia gevra- *As jy met voetgangers loop, maak hulle jou moeg: hoe sal jy dan wedywer met die perde*? (Jer.12:5)

AMEN